

**23 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 25:1-22**

**Fokusgedeelte: Psalm 25:1-3**

**Ek verwag net die goeie van die troue Here**

Die Here is altyd volkome goed en getrou. Uit sy trou gee Hy altyd net dit wat goed is vir sy kinders. Om ons te red, stuur Hy uit sy volmaakte goedheid eers sy Seun na die wêreld toe, en daarna stort Hy sy goeie Gees uit in ons harte. Sy goeie Gees lei ons in sy goedheid tot Hy weer kom. En in sy volmaakte regverdigheid straf Hy al ons sonde aan sy Seun, sodat ons weer regverdig voor God kan wees (vs 8, 10). Hy laat alles wat met sy kinders gebeur tot die goeie uiteinde meewerk (Rom 8:28). Die goeie uiteinde is die ewige lewe in Christus Jesus. Die Here doen dit uit sy tere liefde en omdat Hy altyd getrou bly aan sy belofte.

Maar nou is die vraag: As dit op stuk van sake kom, wat verwag ek van hierdie selfde Here, wat ek weet goed, regverdig, vol liefde en trou is?

As ek eensaam is, verstote voel, in nood verkeer, swaar kry oor haat van mense, seer het en ... ag, dit somer sleg gaan met my: Wat beteken die goedheid en trou van die drie-enige God vir my in hierdie omstandighede?

Psalm 25 leer ons om ons verwagting te alle tye net in die Here te stel. Niemand anders is in staat om aan ons verwagting te voldoen nie ... nie eens naastenby nie! Slegs die Here sal my nie teleurstel nie. Net Hy beskaam nie my verwagting nie, omdat Hy as almagtige Vader aan my verwagtinge *kan* voldoen, en as barmhartige Vader daaraan *wil* voldoen.

Ons moenie die fout maak om ooit te min van die Here te verwag nie. Hy is magtig om ver bo wat ons bid of dink, te doen (Ef 3:20).

*Sing: Psalm 25:2 (Totius)*

*Ds RM van der Merwe (Wolmaransstad)*